

19 April

Skrifgedeelte: Nehemia 3

Fokusgedeelte: Nehemia 3:1,2

## Koninkrykswerk is spanwerk

Die mooiste ideale van 'n gemeente stort dikwels in duie weens swak samewerking. In Nehemia 3 kry die onderneming “Kom ons bou” (2:18) egter voete en hande. Die samewerking om te herbou, is ongelooflik. Die waardige hoëpriester en ander priesters, manne van verskillende dorpe, families, salfmengers, smede, handelaars, gesagvoerders oor stadswyke – almal help!

Die lang lys name ontvou in 'n pragtige skildery. Die beeld van 'n stad waarvan die puinhope van klippe en stof omskep word tot 'n stewige muur en die verbrande poorte wat herstel word tot veilige hekke, verskyn in die mengelmoes van kleure. Die Here, God van die hemel, het op 'n ongekende manier sy trou bewys. Hy snoer saam, Hy motiveer, Hy verhoor gebede, Hy gee deursettingsvermoë.

Die Judeërs het hulle verantwoordelikheid nagekom. Die geheim van hierdie aangrypende samewerking lê daarin dat hulle vir die Here gewerk het. In die hart daarvan lê hulle gesindheid teenoor die werk, asook hulle geloof, soos die Godsmen en leier Nehemia dit pragtig bely het: *“Die God van die hemel sal ons laat slaag in wat ons doen”* (2:20). Hulle gee ook erkenning daaraan dat God sy goeie hand oor hulle gehou het. Hy moet die eer ontvang!

Dit was harde werk, maar almal het saamgewerk – vir die Here gewerk. Die Here het in hulle gewerk en Hy het die werk met sukses geseën. Die Heilige Gees gee vandag nog gawes aan elke lidmaat. Wanneer elkeen daarmee saamwerk, groei die gemeente soos 'n gesonde liggaam. Rig jou dienswerk op die Hoof, Jesus Christus. Hy sal sy gemeente seën.

Sing: Psalm 105:1, 2

Dr WC Opperman (Windhoek-Suid)